



LIVING NETWORK KRISSENTRUM

saam versorg en laat ons groei / together we care and let grow

NUUSBROKKIES UIT DIE KANTOOR : MEI - JULIE 2011

"Kan jy my dalk help?" * Peter lig sy voete op sodat ek kan sien. Hy het stukkende, sopnat skoene aan en het koerantpapier in die skoene gedruk, dit kom tot bokant sy enkels. Hy het geen sokkies nie en alles is nat en hy kry koud. Dit is maar een voorbeeld van baie mense wat daagliks hier aankom - hulle is koud en honger en nat. Baie dankie aan diegene wat 'n ruk gelede sokkies en klere gegee het. A.g.v. mense wat omgee vir ander, kon ek vir mense soos Peter help dat hy sy voete ten minste droog en warm is.

BREAD FOR LIFE: DIE SOPKOMBUIS IN BELHAR

Soos gewoonlik gedurende die Junie vakansie, is daar heelwat meer kinders wat op 'n Donderdag kom na die sokkombuis. Gedurende die kwartaal, kry leerders kos by hul skole, maar gedurende die vakansies ly hul honger. 'n **Selgroep van Kenridge Gemeente** het die pragtigste Beanies gebrei en 'n paar van die lede het dit self kom oorhandig. **Welgelegen gemeente in Stellenbosch**, het mbv die leerders van Eikestad Laer, sakke en sakke vol klere geskenk. Die ogies het geblink toe die kinders van Belhar al die bewyse van liefde en omgee sien en ervaar. Persone het ook 'n bed en stoof geskenk.

Veronica is soos 'n moeder in die gemeenskap en tree op as tussenganger. Sy skakel my as daar behoeftes is en soms, voordat ek nog kon vra, ontvang ons geskenke. Baie dankie aan almal wat so bygedra het - soms 'n sakkie aartappels of 'n kontak waar ons groente ens kan aankoop. Uitbreiding 13, is die armste deel van Belhar. Baie mense is werkloos en dit is vir my altyd opvallend dat baie jongmense doelloos rondloop in die strate, enige tyd van die dag. Dwelmmisbruik, veral TIK, is aan die orde van die dag. Die plaaslike DA verteenwoordiger help ook ons sokkombuis met groente, indien hy donasies kry by verskaffers.



Verskeie bejaardes en hul familie het die afgelope tyd kom raad vra insake ouetehuse en ander versorging. Sommige is tans in huise waar slegs selfstandige funksionerende bejaardes kan bly, geen dienste is beskikbaar nie. Hulle raak nou fisiek swakker en ander beplanning moet gedoen word. Finansies bly maar 'n groot probleem.

Dit is ook moeilik wanneer bejaardes nie insig het in hul omstandighede nie. Een bejaarde het my net een kwaai kyk gegee en gesê "maar ek eet mos, ek eet elke patats, dis goed genoeg!"

Dank aan my kollegas by versorgingsoorde - saam probeer ons beplanning doen en die familie ondersteun en begelei.

Die samewerking met verskillende diensverskaffers t.o.v. aanryetes, tuisversorgers ens, is baie goed.

Tendense:

Armoede, werkloosheid, middelafhanklikheid en verhoudingsprobleme bly van die vernaamste probleme wat hanteer word.

Die werklose persone beskik nie altyd oor die nodige vaardighede nie.

Innige dank aan donateurs - mense kon verwys word vir kursusse / opleiding, vir opstel van CV's. Netjiese klere kon voorsien word vir onderhoude. Komberse en kos kon voorsien word waar nodig.

Lof en dank aan ons Hemelse Vader - Hy gebruik Sy kinders, ander kundige persone en kollegas sodat mense in nood gehelp kan word.

Toespraak van groepe/kerke en organisasies:

Baie dankie vir al die gasvryheid en liefde waarmee ek ontvang is. Kosbare vriendskappe en netwerke word gebou. Soms is dit net 'n vinnige opmerking wat kreatiewe idees na vore bring!

Gedurende 2007 het ek kennis gemaak met * Dennis . Sy ouers is oorlede en hy het slegs Gr 7 gehad. Hy het gehakkel, nie woonplek gehad nie en geen inkomste nie. Hy was oortuig die Here het hom nie meer lief nie, niemand gee om vir hom nie en wou selfmoord pleeg. Hy het een nag in die nagskuiling geslaap, waar die ander inwoners hom gespot het omdat hy hakkel en hy het nie kans gesien om weer soontoe te gaan nie. Tydens een van ons gesprekke, was my vraag aan hom: "As jy kan kies, wat sou jy graag wou doen?" Hy het onmiddellik geantwoord dat hy van kleinsaf 'n sekuriteitswag wou wees.



Na etlike telefoonoproepe en navrae en m.b.v. donasies van omgee-mense, het ek hom ingeskryf vir die Graad F- kursus. Hy het vir vir etlike weke elke oggend uit **Brackenfell na Parow** gestap, waar die opleidingsentrum was. Hy het met groot vreugde en trots later sy sertifikaat kom wys en 3 weke later werk gehad. 'n Week gelede, na 4 jaar, kom wys hy vir my sy Graad C- sertifikaat, wat hy intussen verwerf het. Hy het losies en alhoewel dit moeilik gaan om sy maand treinkaartjie ook te betaal, hy kry maar R12 per uur, loof Hy net die Heer vir al Sy hulp en het hy soveel selfvertroue! Hy is 'n pragtige voorbeeld van iemand wat soveel tèn hom gehad het, maar doelgerig 'n keuse gemaak om sy lewe te verbeter

Bankbesonderhede :
Living Network Krisissentrum
ABSA 4076561692
Takkode 630510

Art 21- Maatskappy: Reg nr. 2010/000839/08
Public Benefit Organization :
PBO 930034 918

13e Laan 87, Boston, Bellville 7530
tel 021 950 4455 faks 021 – 949 5978 livnet@churchadventure.co.za